

## Mtwara Mei 2017

Dis vroeg oggend, die vliegtuig se deure is oop en ek asem die warm lug van Dar es Salaam in. "Aaaai, dis lekker om terug te wees."

My werkspermit is nog geldig en ek kan sommer vinnig deur die doeanne gaan. Dis lekker om die mense te kan verstaan. Ek neem my tas en stap reguit deur die baie "rafiki...rafiki"s verby na buite en by die "taxi...taxi"s die straat af. Ek gaan tot by die robot in die hoofstraat, daar is die local taxi's, die "dala-dala's", dit neem my 'n rukkie om die regte "dala-dala" te kry, maar sommer gou-gou word ek as die "mzungu"(witman) ingehelp en my tas word daar eenkant geplaas. Ek reël met die kondukteur dat ek by die bustermibus wil afklim en sy moet my sê as ek daar kom.

Die hele rit het my R5 gekos teenoor die lughawe taxi's se \$40.

Die pad is nat en modderig waar ek afklim om die bus te kry. Die buskondukteur roep nog 'n laaste maal en ek hoor dat dit die bus is wat na Mtwara toe gaan. Hy gryp my tas en sit dit in die bagasieruim en sê ek moet klim, die bus wil ry. Skaars is ek in, of die bus trek weg. Ek strompel-strompel so deur die sitplekke en vind 'n oop sitplek so in die middel van die bus en skuif tot by die ventster. Daar voor in die bus teen die dak blêr 'n TV met 'n musiekvideo van Ta'arab, die local musiek.

Die land is lowergroen. Palmbome vlieg verby asook mense op hulle fietse wat houtskool aanry in sakke, so groot dat ek dit nie eers op my bakkie sal wil laai nie. Kinders hardloop skool toe. Die lug is warm en bedompig, dit het onlangs gereën. Al is dit Mei-maand, is die winter nog ver.

Alles lyk nog presies dieselfde, selfs die polisiestoppe het nie verander nie. Dit is Tanzanië. Dis my tuiste!

Met die tweede bus, van Lindi na Mtwara, het ek nie 'n keuse van sitplek nie. Ek sit langs 'n vrou met haar dogter, hulle kom van Zanzibar af. Later vind ek uit dat sy 'n Christen is, dit is wonderbaarlik, want Zanzibar is 99% moslems. Ons het 'n aangename gesprek.

Die mark in Mtwara het ook nog niks verander nie. O, ja, daar is nou straatligte in die mark aangebring. Die reuk van gedroogde vis hang in die lug. Die kraaie gaap en ek stap met my tas tussen die mense deur opsoek na bwana Swedi, ons pastoor. Ek sal die volgende maand by hulle tuisgaan in die gastehuis. Dis lekker om weer ou vriende te ontmoet.

My eerste prioriteit is om my motor uit die skeepshouer te haal, dan het ek darem vervoer. Die deur kraak as ek dit oopstoot, en daar staan Samueli, my Toyota Hilux. Alles lyk nog net soos ons dit gelaat het, behalwe dat 'n jaar en ses maande se warm vogtige lug die binnekant van die kar wit van die muf gemaak het. Ons stoot die motor uit en sy sluit maklik aan.

Dis Vrydag en die motor is skoon. Ek gaan vandag vir baba Sefu kuier. Wanneer ek by sy huis stilhou, sien ek daar staan 'n motorfiets. Toe ek sy kamer binnekon, slaan ek sommer twee vlieë met een klap. Kambona, ons mede-werker en evangelis, is



ook daar. Groot was ons vreugde om mekaar weer te sien. Sefu staan op en gee my 'n stywe druk, die trane van vreugde stroom oor sy wange. "Here, as ek ooit getwyfel het of hierdie rit na Tanzanië, die geld en tyd werd was, dan is daar nou geen twyfel meer nie. Dis deur en deur die moeite werd. Dit is ware liefde."

Ons gaan almal na my "huis" toe, daar kuier ons tot laataand. Gesels oor alles en haal die verlore tyd se nuus in. Groetes word oorgedra ensovoorts.

Sondag more gaan ek kerk toe. Aanvanklik het ek opgesien na die musiek wat gewoonlik ooverdowend hard is. Maar wonder bo wonder is dit vandag eintlik baie rustig. Wat wel oorverdowend is, is die sang van die sowat 150 kinders, maar dit is heerlik om kinders te sien sing uit volle bors en ek maak 'n video vir die gemeente tuis. Ek word hartlik verwelkom en moet eers terugvoer gee van die mense by die huis in SA. Ek vertel vir hulle van Angus Buchan se 1.7 miljoen mense wat die Here aangeroep het. Almal is baie bly en dis lekker om saam met stralende gesigte die Here te loof en te prys.

Dis is nou al amper 'n maand dat ek in Mtwara is, ek het alles gedoen wat ek moes. Die lisensies is op datum en alles in betaal. Groetes is oorgedra...ek het gereeld in die see geswem...ek het gesnorkel...Môre moet ek my terugtog na SA begin. My tas is gepak. Die motor se brandstof tenk is vol diesel en ek is reg.

Dit is 10 uur hoogwater, dan moet ek by die pont wees.

Ek hou by die grenspos stil, die mense lyk baie ontspanne en begin dadelik gesels. Ek verduidelik dat ek met die motor oor die pont na Mosambiek wil gaan. Die mense beduie na 'n nota wat sê dat die pont nie die volgende 4 dae sal vaar nie. Aangesien dit halfmaan is en dus dooiegety, is daar nie genoeg water in die rivier nie...(dit is 'n getyepunt en is by die riviermonding by die see)... My planne het so pas verander, dit beteken ek sal 'n 1000 km draai moet ry. Daar is 'n brug (UNITY Bridge) 500 km binnelands en ek sal my moet roer om nie te laat by die grenspos te kom nie.

Om 15:30 groet ek die grensposbeampte in Mosambiek met 'n "Bondia Comesta!" Ek is veilig oor die grens, nou is daar nog net 4500km oor! Dit was teerpad tot hier, maar die volgende 300km is "offroad" en ek vorder maar stadig teen 'n gemiddelde spoed van 30km/h.

Teen 20:00 kom ek moeg by 'n village aan. Dit is tussen niks en nêrens, +- 20 km van die Tanzanië grens, ja, mens ry weer al langs die grens terug vir amper 200km voor die pad suid draai. Ek wou bitter graag nog sowat 20km verder gery het, want mense het my vertel mens kan Tanzanië se selfoon netwerk daar opvang, maar ek is te moeg en die pad is sleg, dus besluit ek om net hier te oornag.

Gelukkig praat al die mense in dié deel van die land nog Swahili, al is die landstaal Portugees. Ek kan dus lekker met die mense praat. Ek hou op die markplein stil en vra of ek die hoofman kan spreek. Intussen is daar 'n klomp nuuskierige kinders wat na die prentjies op die motor kyk. Ek roep hulle almal nader en vertel hulle die storie op die voertuig. Later word ek na die hoofman se huis vergesel en ek stel myself aan hom bekend en vra of dit veilig is om in sy village te oornag. "Ja", antwoord hy, "maar bring jou kar tot hier langs my huis." Daar aangekom, maak hy die erf se hek oop en beduie dat ek moet intrek, maar dit is te klein. Dis is egter geen problem nie, hy breek sommer 'n deel van die heining oop. Dit is 'n gevlegde rietheining. "Kom parkeer hier binne."



Ek maak vir my koffie op die gasstofie tot groot vermaak van die vrouens en kinders. Later gaan sit ek by die hoofman en gesels so onder die sterrehemel. Daar is geen ligte in die omgewing nie en die sterre skitter besonder helder. So sit en gesels ons oor godsdiens en die verskille tussen Christenskap en Islam. Sy vrou is 'n Christen(Rooms), maar sy pa 'n Moslem. As hy by die moskee kom praat almal Arabies. Hy verstaan dit nie, maar daar by die kerk praat hulle Swahili, dit verstaan hy goed. Om 'n lang storie kort te maak, om 24:00 gee hy sy hart vir die Here en nooi Hom in as Verlosser en Saligmaker van sy lewe. Hy sê dat hy van tyd tot tyd in 'n dorp in Tanzanië kom. Hulle loop sommer kortpad deur die rivier daarheen. Ek moedig hom aan om daar kerk by te woon. Hy vra "Maar hoe sal ek weet watter kerk is die regte een?" "Die Here sal jou lei. Bid voordat jy loop en die Here sal jou by die regte kerk laat uitkom, net soos ek wat nog graag verder wou gery het, maar hier by jou uitgekome het. Netso sal die Here jou ook lei." Antwoord ek hom.

Die volgende oggend vroeg het ons gegroet en is ek verder met die lang pad terug Suid Afrika toe. Gelukkig is die pad droog anders het dit my dalk 'n maand geneem om terug te kom.

Die Here het my op die pad beskerm van vroegdag tot laataand en oral vir my gesorg vir veilige oornagplek.. hier 'n kampplek en daar 'n hotel se parkeer area. Sewe dae later en 4500km verder was ek tuis in Ottosdal. Dankie vir elkeen se voorbidding.